

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 13 November 2016 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 10:9, 10 (p. 44) (tweede melodie)

- 9 Die HEER is Koning, ewig en altyd; / geen heidendom of 't moet voor Hom vergaan.  
maar die geroep hoor Hy goedgunstig aan / van wie ootmoedig op sy bondstrou pleit
- 10 God sal hul hoor en sal die hart verkwik / van arme<sup>n</sup> wees aan wie Hy reg verskaf,  
maar op verdrukkers daal sy strenge straf, / hul brose arm sal niemand meer verskrik.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 97:1, 3 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,  
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.  
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;  
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 3 Wanneer die onweersvuur / wat God het uitgestuur,  
daarheen storm, smelt die trotse / gebergtes met hul rotse.  
'n Ganse hemelveld, / van skok en skrik ontsteld,  
het Gods geregtigheid, / sy eer en majesteit / aan alle volk gemeld.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 139:1, 12 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit ewige dieptes neer  
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,  
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;  
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.  
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van ewige vrede.

Gebed

Psalm 60:1, 4 (p. 294)

- 1 O God, hoe het U ons verstoot! / U grimmigheid was oor ons groot.  
Herstel ons; laat die land herleef / wat U geskeur het en laat beef!  
Herstel, genees sy breuke weer, / want alles wankel voor U, HEER!  
U 't ons 'n harde saak laat sien / en swymeldrank ons toegedien.
- 4 Wie bring my in 'n vaste stad? / Wie baan na Edoms land my pad?...  
U, HEER, wat ons nie by wil staan, / nie met ons leërs saam wil gaan!  
Gee ons u bystand in die stryd, / want mensehulp is nietigheid.  
Deur Gó d sal ons tot kragdaad stap; / ons vyand sal Hy self vertrap!

**Skriflesing:** Daniël 4:1-37

**Kernverse:** Daniël 4:31-32

**Sy woorde was nog nie koud nie toe kom daar 'n stem uit die hemel: Daar is besluit, koning Nebukadnesar, dat jy uit jou koningskap onthef gaan word. Jy sal uit die menslike samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet leef en gras moet eet soos beeste. Dit sal sewe tydperke lank oor jou kom. Dan sal jy moet erken dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.**  
(Daniël 4:31-32 AFR83)

**Tema:** Elke mens sal en moet erken dat God Koning is

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is eintlik verstommend om te sien hoe lank dit vir 'n mens vat om sy ore oop te maak en te luister. Grootmense kan dit nie begryp dat kinders soms keer op keer oor dieselfde ding getugtig moet word voordat hulle luister en doen wat reg is nie. Dit is egter nie net kinders wat hardhorend is nie. Grootmense kan net so hardhorend wees.

Daar is grootmense wat keer op keer verkeersboetes kry omdat hulle te vinnig ry, maar luister om die regte ding te doen is maar min. En as 'n mens hoor dat dieselfde man oor dieselfde rede 'n verkeersboete gekry het, skud jy jou kop in ongeloof en vra: Maar kan die man dan nie 'n slag leer nie?

Dit is egter nie net teenoor aardse gesag wat die mens sukkel om sy ore oop te maak nie. Die mens doen dit ook teenoor die Here – die allerhoogste gesag. Ongelowiges maak nie hulle oë en ore oop as die Here sy goddelikheid in sy skepping aan hulle openbaar nie. Hulle maak nie eers hulle ore oop wanneer die Here sy toorn van die hemel af op die aarde openbaar nie. Maar dit is nie net ongelowiges wat so hardhorend teenoor die Here is nie. Alle mense maak so – ook gelowiges, mense wat bely dat Jesus Christus hulle Verlosser is.

Broers, susters en kinders, wanneer ons by Daniël 4 kom, weet ons dat dit nie die eerste keer is dat koning Nebukadnesar met die heilige God en sy koningskap te doen kry nie. Kort nadat Daniël werksaam geraak het in die administrasie van Nebukadnesar se koninkryk het die Here die koning met 'n droom verontrus wat hy nie kon begryp nie. In daardie droom het die Here bekend gemaak dat sy koninkryk groter is as alle menslike koninkryke, want sy koninkryk is ewig. Toe het Nebukadnesar gesê dat Daniël se God die God van die gode is en die Here van die konings.

Maar dit blyk dat daardie woorde van Nebukadnesar maar net woorde was, so asof hy gedink het dat hy die lewende God kan paai soos wat hy sy afgode met allerhande offers kan paai. In die volgende episode openbaar die Here hoe baie Nebukadnesar van homself dink. Hy het 'n groot goue beeld opgerig as 'n god waarvoor elkeen moes buig en aanbid. Sadrag, Mesag en Abednego het egter nie gebuig nie en hulle is in die brandende oond gegooi. Die Here het sy troue diensknegte gespaar en hulle het lewend uit die brandende oond gekom. Hierop het Nebukadnesar 'n bevel uitgevaardig dat enigiemand wat oneerbiedig oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego praat, 'n verskriklike dood sal sterf omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie.

Maar die Here is nog nie klaar met Nebukadnesar nie. Tydens die gebeure – soos in Daniël 4 beskryf – stel die Here 'n vereiste aan Nebukadnesar. Hy moet homself geheel en

al aan God onderwerp. Die Here wil hom 'n les leer – die les wat drie maal herhaal word in die hoofstuk en in ons kernverse geskryf staan is **dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil**. En in hierdie vereiste en les is daar 'n vraag wat die Here aan hom stel: Wat is jou doelwit in die lewe en waarheen is jy met jou lewe op pad?

Ons kan aanvaar dat hierdie geskiedenis van God met die koning in die latere tydperk van sy regering gebeur het. Ons lei dit af uit Nebukadnesar se woorde in vers 4 en in vers 30. Alles was nou rustig in die koninkryk. Al die oorloë was verby sodat Nebukadnesar rustig en voorspoedig in sy paleis kon woon. Die woorde in vers 4 is nie maar net 'n stelling nie. Agter daardie woorde is 'n gesindheid van ontwyking. Sy voorspoed en rykdom het die eintlike gevaar geword – hy het 'n valse gerustheid gehad. In daardie eerste droom wat hom so verontrus het, het die Here aan Nebukadnesar bekend gemaak:

**U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het – ú is die hoof van goud. (Daniël 2:37-38 AFR53)**

Met daardie uitspraak van God in gedagte was Nebukadnesar oortuig dat sy voorspoed en rustigheid nou loon is op al sy harde werk. Die God van die hemel het immers die hele bewoonde wêreld in sy hand gegee om daarvoor te regeer en hy doen dit met uitnemendheid. Kyk net al die voorpoed. Die God van die hemel kan tevrede wees met die wyse waarop Nebukadnesar regeer het, so kon hy dink. Daarom was dit nie nodig dat hy hom nog verder aan die God van die hemel hoef te onderwerp nie.

Selfs gelowiges kan so dink wanneer hulle sukses in hulle loopbane en ander werk opmerk. Dit maak nie saak in watter beroep jy is nie en dit maak nie saak watter taak jy onderneem nie. Wanneer mense die suksesse opmerk – veral mense wat godsdienstig ingestel is in die lewe – kan hulle die afleiding maak dat hulle lewe reg is. Die Here seën dan hulle arbeid. Kyk net al die voorspoed! En omdat mense onder die indruk is dat die Here tevrede is met hulle lewe, kan hulle maar die eise wat die Here stel ontwyk; hulle hoef nie soveel aandag daaraan te skenk nie.

Wanneer God sy wil en begeertes aan die mens bekendmaak, doen Hy dit heel eerste op die eenvoudigste en voor die hand liggende wyse. Hy praat met die mens in woorde wat die mens kan verstaan. Die Here is God wat sy wil laat geskied deur woorde te gebruik, en Hy verkies woorde. Met sy woorde wil Hy die mens na Hom toe aantrek. Sy woorde is soos

'n saadjie wat Hy in die mens plant en waarop Hy wil hê dat die mens sal reageer volgens sy wil. Hy het dit met Abraham gedoen toe Hy hom uit Ur van die Chaldeërs geroep het. Hy het woorde gebruik toe Hy vir Moses opdrag gegee het om sy volk uit Egipte uit te lei.

Die Here het met Nebukadnesar ook eers woorde gebruik. Die uitleg van die eerste droom was woorde wat die Here aan Daniël gegee het om tot die koning te spreek. Die verset van Sadrag-hulle om voor die beeld te buig en hulle getuienis van God was woorde van die Here aan Nebukadnesar. Maar in sy daaglikse besig wees met die groot taak om te heers as koning het hy nie 'n oomblik stil geraak om die woorde van die Here te oordink nie. Terloops erken hy die Here, maar hy steur hom nie verder aan die woorde van die Here nie. Daarom het die Here met hierdie droom van die boom in die hart van Nebukadnesar ingedring waar woorde deur sy ore nie kon uitkom nie. Nou het die Here sy gedagtes geheel en al in beslag geneem, want heeltyd wonder hy wat dit kan beteken.

Nebukadnesar het geweet dat die droom met hom en sy koningskap te doen het. Hy is tans op die hoogtepunt van sy regering as koning in die wêreld. En in die droom is die boom op sy hoogtepunt afgekap op bevel van die Here. En vir sewe tydperke is die stomp met 'n yster en bronsband gebind in die grond.

Op hierdie ontstellende droom stuur die Here weer vir Daniël met die woorde van die Here. In die uitleg van die droom sê Daniël weer wat die les is wat Nebukadnesar moet leer. Hy moet erken dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke van die aarde en dat Hy dit gee aan wie Hy wil. Die droom was 'n waarskuwing aan die koning wat die Here ook met woorde aan Nebukadnesar bring:

**Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en breek met u sondes deur geregtigheid en met u ongeregtighede deur genade te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees.** (Daniël 4:27 AFR53)

Kyk net hoe genadig is God. Vir jare lank praat Hy met Nebukadnesar. Maar omdat hy aanhoudend die vraag van die Here ontwyk, laat Hy hom die erns van die saak besef met die droom en die uitleg van die droom. Hy hoor die waarskuwing van die Here. En dan be-toon die Here nog genade – Hy gee Nebukadnesar 'n hele jaar om gehoorsaam te reageer op die Here se woorde. Maar vir die hele jaar sê Nebukadnesar aanhoudend: Nee! Hy verwerp die Here se sagte manier van werk deur sy woorde.

Aangesien Nebukadnesar hom nie aan die Here wil onderwerp nie en hy hom nie wil steur aan die woorde van die Here nie, sal die Here uitvoer wat Hy aan hom bekend gemaak het. Die Here sal sy wil laat geskied. Nebukadnesar sal Hom erken as die Allerhoogste wat mag het oor aardse koninkryke en dit gee aan wie Hy wil. Vol van sy valse gerustheid en hoog-moed het Nebukadnesar gesê:

**Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?**  
(Daniël 4:30 AFR53).

Die woorde was skaars uit sy mond toe hoor hy die stem uit die hemel:

**Daar is besluit, koning Nebukadnesar, dat jy uit jou koningskap onthef gaan word.**  
(Daniël 4:31 AFR83)

Die waarskuwing in die droom sal nou bewaarheid word. Jy sal uit die samelewing verdryf word. Jy sal die verstand van 'n dier kry. Vir sewe tydperke sal jy gras eet soos beeste en die dou sal jou nat maak. Dan sal jy erken dat die Allerhoogste almagtig is.

As 'n mens die Here se vorige werkswyse met Nebukadnesar vergelyk met iemand wat op 'n mooi sagte manier met woorde tot oorreding gebring word, sal 'n mens hierdie manier van die Here kan vergelyk met die werkswyse van die pottebakker met die klei. Dit is immers hoe die Here met sy volk Israel gemaak het. Vir eeue lank het die Here op 'n mooi sagte manier met woorde sy volk tot oorreding wou bring. Hy het mooi gepraat. Hy het hard gepraat. Hy het aanhoudend gepraat. Maar luister was min.

Dit is aan Jeremia wat die Here deur middel van die pottebakker se werk geleer het wat die Here met sy volk sal doen. Daardie prediking van Jeremia 18 was teen hierdie tyd van Daniël al bekend aan die volk. As die klei nie die vorm wil aanneem wat die pottebakker in gedagte het net, gooi hy die klei nie weg nie. Hy vat dieselfde stuk klei en vorm dan 'n ander voorwerp wat tog bruikbaar is. Die twee maniere van werk vat miskien langer en het

tot gevolg dat die pottebakker harder moet druk en vorm aan die klei. Maar uiteindelik kry hy wat hy wil hê uit die klei uit.

Soos wat die pottebakker met die klei gemaak het, so het die Here ook met Israel gemaak. Geduldige mooi praat met Israel het hulle nie tot nederigheid en diens aan die Here gebring nie. Daarom het Hy die ballingskap oor hulle beskik. Hy druk harder en werk meer intens om sy wil met Israel te laat geskied. Net so doen Hy ook met Nebukadnesar. Mooi praat werk nie, daarom sal die droom in vervulling gaan, maar uiteindelik sal en het Nebukadnesar homself verneder en die Allerhoogste erken as die almagtige God wat sy wil tot uitvoer bring. Nebukadnesar het erken dat God die ewige Koning is.

Hoe staan dit met ons? Erken ons die Here as die almagtige God en as die Koning van ons ganse lewe? Luister ons voluit vir Hom en gehoorsaam ons Hom letterlik in alles soos Hy dit wil hê? Baie van ons, of miskien ons almal, sal dadelik ja sê. Ons erken en bely dat God almagtig is. Ons glo in Hom en kyk net hoe seën Hy ons.

Maar kan elkeen met volle oortuiging en in alle eerlikheid sê dat daar glad nie meer 'n onopgeloste saak tussen jou en die Here is nie? Of het daar ook al so gerustheid by jou ingetree omdat jy die seën van die Here in jou lewe opmerk dat jy nie meer tyd maak om indringend oor jou verhouding met die Here na te dink nie. En inderwaarheid is ek en jy eintlik besig om die Here se eis oor 'n saak in ons lewens te ontwyk.

Dit kan wees dat jy nog in die stadium is waar die Here geduldig en mooi met jou oor daardie saak praat. Of miskien is jy al in daardie stadium waar Nebukadnesar was toe die droom hom ontstel het. Dit is daar waar jy hoor wat die Here sê Hy gaan doen wanneer jy nie gehoor gee aan sy eis nie. Dit is goed wanneer 'n mens ontsteld raak, maar dit is nog beter as 'n mens na die Heilige Gees luister wanneer Hy daardie ontsteltenis aanwend om 'n mens weer na die Woord van die Here te laat luister. En dit is die beste wanneer daardie Woord 'n mens bring om jouself aan die Heilige Gees te onderwerp wanneer Hy jou wil verander ooreenkomstig die Woord van die Here.

Maar as 'n mens selfs dan nog nie wil luister nie, sal die Here verder gaan soos wat die pottebakker met die klei doen. Dan druk Hy harder en werk met 'n skerper instrument om uit die stuk klei die voorwerp te kry wat vir Hom bruikbaar is en tot sy eer sal wees.

Miskien is jy al daar waar die Here op so 'n indringende manier met jou aan die werk is. Maar daar is troos vir jou ook in hierdie omstandighede, kind van God. Wanneer die hande van die Here hard en seer in en aan jou druk om jou na sy wil te vorm, is jy nog in dieselfde hande wat jou sag en teer na sy Woord gebring het en mooi met jou gepraat het. God het nie verander toe Hy soos die pottebakker begin werk het aan jou nie. Hy is nog dieselfde God vol genade en liefde.

**Daarom, my seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weer-sin wek nie, want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het. (Spreuke 3:11-12 AFR53)**

Die hande wat tug is nie harde ongevoelige hande nie. Dit is hande wat met spykers deurboor was omdat Hy, wie se hande dit is, die eintlike straf vir jou ongehoorsaamheid van nou reeds gedra het. Omdat Christus die straf klaar gedra het, vorm Hy jou nou met die instrumente wat Hy gekies het sodat jy ook sy Vader se eer nog duideliker en nog meer kan verkondig.

Maar dit mag ook wees, en ek is oortuig dat dit ook in hierdie gemeente so is, dat iemand geheel en al onskuldig ly. Jy het voluit die sagte en mooi woorde van die Here ter harte geneem en jou deur die Heilige Gees laat lei om jou lewe te verander ooreenkomstig God se Woord. Maar nou is jy dronkgeslaan oor die verskriklike dinge wat jy moet deurmaak.

In sulke omstandighede moet jy onthou dat jy nie die eerste en enigste gelowige wat so onskuldig ly nie. Ons weet van Job met wie dit ook gebeur het. Daniël is ook een wat so gely het. Hy het die Here getrou gedien en geluister na die Here se Woord en tog sit hy saam met ander Israëliete in ballingskap. Maar oor Job en Daniël sal ons nog kan sê hulle is mense en as mense is hulle sondaars. En dan sal 'n mens kan sê dat ook hulle nog nie gely het wat hulle as sondaars werklik verdien nie.

Daar is slegs Een wat geheel en al onskuldig gely het – Jesus Christus. Maar selfs in sy onskuldige lyding toe Hy aan die kruis deur sy Vader se hand verbrysel is, het Hy geen twyfel gehad dat Hy steeds in sy Vader se hande is nie. Hy het dit so aan sy dissipels gesê en dit is vir ons opgeteken (Joh 16:32; Luk 22:42 en 23:46). En vir elke gelowige wat deur watter lyding ook al gaan – onskuldig of as tugtiging van die Here – kan verseker wees dat Jesus se belofte steeds hou; niks sal die gelowige uit die hand van die Here kan ruk nie. Daarom kan en moet die gelowige ook in lyding erken dat God ewig Koning is. Niemand sal hierdie erkenning kan systap nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 31:12, 17 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot. Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

**Katkisasieopening**

Lied 348:1, 3 – Stille nag

- 1 Stille nag, heilige nag! / Jesus-kind, lank verwag,  
Lig uit Lig uit die Vader se ryk, / word uit liefde aan mense gelyk.  
Loof die hemelse Kind! / Loof die hemelse Kind!
- 3 Stille nag, heilige nag! / Jesus, Heer, voor u mag,  
voor u ryk moet die duisternis swig; / tot in ewigheid bly U die lig –  
Heer, gebore vir ons! / Heer, gebore vir ons!

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 November 2016